

Ons benodig meer vroueleiers in die onderwys

Linda Zuze*

Ek het in Oktober 2022 aan 'n opvoedkunde-konferensie deelgeneem wat deur [Association for the Development of Education in Africa](#) (ADEA) ("Vereniging vir die Ontwikkeling van Opvoedkunde in Afrika") aangebied is. Die ADEA Triënnale is 'n unieke Afrika-geleentheid waar leiers in die opvoedkunde maniere bespreek om die gehalte van onderwys op die vasteland te verbeter. Ek het deur die jare al baie opvoedkunde-konferensies bygewoon en ek was opgewonde oor hoeveel vroueleiers teenwoordig was. Agt vroulike regeringsministers het deelgeneem. Ek het nog nooit hierdie vlak van verteenwoordiging deur senior beleidsleiers in die onderwys ervaar nie.

Maar dit het nie by die bywoningslys gestop nie. Vanaf die openingstoespraak deur mev Leela Devi Dookun-Luchoomun, die vise-eersteminister en minister van onderwys, hoër onderwys, wetenskap en tegnologie in Mauritius, en deur die loop van die konferensie het ek by elke sessie wat ek bygewoon het, gesien hoe vroueministers van regoor die vasteland aktief deelneem. Hulle het by hierdie sessies besin oor hulle land se opvoedkundige suksesse en mislukkings en het strategieë uiteengesit om lewenskrachtige post-pandemiese onderwysstelsels te bou.

Ministers het ook byeengekom om maniere te bespreek waarop hulle kragte kon saamspan om gemeenskaplike doelwitte te bereik. Hierdie gesprekke het tot die skepping van 'n nuwe ministeriële vennootskap vir onderwys op grondslagvlak gelei. Op 16 Februarie 2023 het ADEA en Human Capital Africa (HCA) 'n ministeriële koalisie bekendgestel om die gehalte van grondslagleer in Afrika te verbeter.

Hoewel hierdie tekens van transformasie op ministeriële vlak regtig merkwaardig is, is vroue steeds onderverteenvoerdig op ander vlakke van opvoedkundige leierskap. Volgens die [Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling \(OESO\) se Onderwys- en Leeropname](#) (TALIS) is 68% van die onderwysers in OESO-lande vroue, maar slegs 47% van die skoolhoofde is vroue. Die gendergaping in skoolleierskap is nog groter in Afrika. In Togo, Mali, Côte d'Ivoire en Burkina Faso is slegs [10% van die skoolhoofde vroue](#). Genderongelykheid in Suid-Afrikaanse skoolleierskap duur voort – selfs waar vroueonderwysers [beter gekwalifiseer is as mansonderwysers](#).

Sommige mense mag redeneer dat ons met die onderwyskrisis wat ons in Afrika ondervind en die wydverspreide leerverliese gedurende die pandemie, op die beste gekwalifiseerde individue vir die werk moet fokus, ongeag die geslag. Ek het al [geskryf](#) oor hoe vroue doeltreffer as mans, veral in 'n krisis, beskou word. Kom ons wees eerlik, nie alle vroueleiers is uitstaande nie, maar baie [beskik oor buitengewone leierskapeienskappe](#) wat ernstig opgeneem moet word. En die bewyse word al hoe meer. Leeruitkomstes was hoër vir leerders in skole met vroue aan die stuur in [Franssprekende Afrika](#) en in [Kenia se Tusome-program](#). Vroueskoolhoofde in [Afrika](#), insluitende [Suid-Afrika](#), kry die eer dat hulle veiliger en meer kollegiale leeromgewings met afgebakende rolle en verantwoordelikhede vir personele skep.

Verskeie ingewikkelde faktore verhoed 'n toename in vroulike verteenwoordiging op skoolleierskapsvlak. Kulturele oortuigings wat vroue se vermoë om die leiding te neem – soos hulle in ander sektore doen – in twyfel trek, speel beslis 'n rol, veral indien plaaslike gemeenskappe glo dat vroueleiers minder doeltreffend is. 'n Gebrek aan rolmodelle en mentorskap kan ambisieuse vroueskoolhoofde geïsoleer laat voel. Wanneer aanwendingsbeleid [nie gender-sensitief](#) is nie, kan dit daartoe lei dat vroue leierskapsposisies van die hand wys wat ver van hulle gesinne en ondersteuningstrukture geleë is.

Wanneer ons op 8 Maart [Internasionale Vrouedag](#) vier, moet ons mekaar daaraan herinner dat daar wenke is oor hoe om 'n regverdiger toekoms in skoolleierskap in Afrika te bewerkstellig. Die skep van strukture vir vroueonderwysers om leierskapposities te betree, kan die probleem doeltreffend aanspreek. In Rwanda fokus die ministerie van onderwys en die Opvoedkundige Ontwikkelingstrust byvoorbeeld daarop om ambisieuse vroue-leiers vir [middelvlakposte](#) te werf en aan hulle opleiding, mentorskap en afrigting te verskaf om hulle vir toekomstige skoolleierskapsrolle voor te berei. Programme waar mans aan gesprekke oor genderrolle deelneem, kan tot 'n beter begrip van die leierskapsbydrae lei wat vroue kan lewer. 'n Ondersteunende gesin, insluitende manlike gesinslede, is noodsaaklik vir die ontwikkeling van [vroue-leiers](#) in Etiopië.

Ons het ook betroubare data nodig om tred te hou met vroue se deelname aan opvoedkundige leierskap op nasionale, provinsiale en skoolvlak. Dr Obiageli "Oby" Ezekwesili, HUB van [Human Capital Africa](#), een van die dryfkragte vir Nigerië se mees progressiewe hervormings, en 'n voormalige minister van onderwys in dié land, glo die regte data sal Afrika-regerings bemagtig om eerlik te wees oor en verantwoordbaar te wees vir genderwanbalanse. Sy het onlangs die volgende opmerking gemaak: "Ons het die beste mense nodig om ons skole te lei sodat ons kinders elke geleentheid het om te leer. Baie van hulle is vroue. So ons moet verstaan wat hulle terughou."

Daardie uiters bevredigende iets van verlede jaar om te aanskou hoe vroue-leiers in die opvoedkunde saam beleide formuleer, het nog nie verdwyn nie. Miskien is dit omdat hoewel hulle bewus was van die omvang van die probleem, hulle vas oortuig daarvan was dat verandering moontlik en verantwoordbaarheid noodsaaklik is. Danksy samewerking kon hulle vinnig vooruit beweeg. Hierdie vroue weet wat dit beteken om aan hoër standaarde gemeet te word en is dus uiters gefokus daarop om die taak af te handel. Claudiana Cole, minister van onderwys in Gambië, het dit so raakgevat toe sy 'n [ministeriële rondetafelgesprek](#) oor die verbetering van grondslagleeruitkomst by die ADEA Triënnale met die volgende woorde afgesluit het: "Ek gaan huis toe om te implementeer. Ons het almal iets geleer en dit is goed dat ons almal huis toe gaan ... en die gapings gaan vul."

***Dr Linda Zuze is 'n Senior Grondslagfase-leerspesialis by ADEA en 'n navorsingsmedegenoot by ReSEP (Navorsing oor Sosio-ekonomiese Beleid) in die Departement Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch.**